“lugbesoedeling” enige verandering in die omgewing veroorsaak deur enige stof wat in die atmosfeer uitgelaat word deur enige aktiwiteit, waar daardie verandering ’n nadelige uitwerking op die mens se gesondheid of welsyn het, of op die samestelling, veerkrag en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosistels, of op materiale wat nuttig is vir mense, of sodanige uitwerking in die toekoms sal hê;

“lugbesoedelingsbeheersone” die geografiese gebied waarop Deel III van die verordening verklaar is om van toepassing op te wees;

“lugbesoedelende stof” enige stof (insluitende maar nie beperk tot stof, rook, rookwalms en gas) wat lugbesoedeling veroorsaak of mag veroorsaak;

“munisipale bestuurder” ’n persoon as sulks deur die Raad aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

“nadelige uitwerking” enige werklike of moontlike uitwerking op die omgewing wat die omgewing of enige aspek daarvan tot so ’n mate sou kon benadeel dat dit meer as onbeduidend of onbelangrik is;

“omgewing” die milieu waarin mense bestaan en wat bestaan uit—

- (a) die grond, water en atmosfeer van die aarde;
- (b) mikro-organismes, plante- en dierelewe;
- (c) enige deel of kombinasie van (a) en (b) en die onderlinge verhouding tussen hulle; en
- (d) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van die voorgenoemde wat die mens se gesondheid en welsyn beïnvloed;

“oopverbranding” die verbranding van materiaal sonder ’n skoorsteen om die produkte wat uitgelaat word deur verbranding, in die atmosfeer vry te laat, en “verbranding in die ope” het ’n ooreenstemmende betekenis;

“openbare pad” beteken ’n pad wat die publiek die reg het om te gebruik;

“operateur” ’n persoon wat ’n onderneming besit of bestuur, of wat ’n operasie of proses wat lugbesoedelende stowwe uitlaat, beheer;

“perseel” enige gebou of ander struktuur tesame met die grond waarop dit geleë is en enige aangrensende grond bewoon of gebruik ten opsigte van enige aktiwiteite wat in daardie gebou of struktuur plaasvind, en sluit in enige grond sonder enige geboue of ander strukture en enige lokomotief, skip, boot of ander vaartuig wat opereer of teenwoordig is in die gebied onder die jurisdiksie van die Raad of die omgewing van enige hawe;

“persoon” ’n natuurlike persoon of ’n regspersoon;

“Raad” die Stad Kaapstad;

“rook” die gasse, spesifieke materie en produkte van verbranding wat in die atmosfeer uitgelaat word as materiaal verbrand word of blootgestel word aan hitte, en sluit in die roet, gruis en sanderige deeltjies wat in rook uitgelaat word;

“skoorsteen” enige struktuur of opening van enige aard vanwaar of waardeur enige lugbesoedelende stowwe uitgelaat mag word;

“stof” enige soliede materie in ’n fyn of gedisintegreerde vorm wat in staat is om in die atmosfeer versprei of gesuspendeer te word;

“verduistering” die verhouding van sigbare lig verswak deur lugbesoedelende stowwe gesuspendeer in die uitvloei-strome tot die sigbare lig invalshoek, uitgedruk as ’n persentasie;

“voertuig” enige motor, motorvoertuig, motorfiets, bus, lorie of ander vervoermiddel wat heeltemal of gedeeltelik aangedryf word deur enige vlugtige brandstof, stoom, gas of olie, of op enige ander manier behalwe menslike of dierekrag;

“woning” enige gebou of ander struktuur, of deel van ’n gebou of struktuur wat as ’n woonhuis gebruik word, en enige buitegeboue aanvullend daartoe, maar dit sluit krotte en informele nedersettings uit.

Doel

2. (1) Die doel van hierdie verordening is:
 - (a) om uitvoering te gee aan die reg vervat in artikel 24 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) deur die beheer van lugbesoedeling binne die gebied van die Raad se jurisdiksie; en
 - (b) om te verseker dat lugbesoedeling vermy word, of waar dit nie heeltemal vermy kan word nie, verminder of remedieer word.
- (2) Enige persoon wat ’n bevoegdheid ingevolge hierdie verordening uitoefen, moet die bevoegdheid uitoefen ten einde uitvoering te gee aan die doel soos uiteengesit in subartikel (1).

DEEL II SORGSAAMHEIDSPILIG

3. (1) Enige persoon wat heeltemal of gedeeltelik verantwoordelik is om beduidende lugbesoedeling te veroorsaak of ’n risiko skep dat beduidende lugbesoedeling plaasvind, moet alle redelike maatreëls tref:
 - (a) om te verhoed dat enige moontlike lugbesoedeling plaasvind; en
 - (b) om enige beduidende lugbesoedeling wat plaasgevind het, te verminder en so ver as wat dit redelik moontlik is, te remedieer.
- (2) Die Raad mag deur ’n besluit enige persoon wat versuim om die maatreëls soos vereis ingevolge subartikel (1) te tref, gelas—
 - (a) om die uitwerking van spesifieke aktiwiteite te ondersoek, te evalueer en te assesser en daarvoor verslag te lewer;
 - (b) om te begin om spesifieke redelike maatreëls te tref voor ’n gegewe datum;
 - (c) om noulettend voort te gaan met daardie maatreëls; en
 - (d) om hulle voor ’n gespesifiseerde redelike datum af te handel.

Voordat die Raad so ’n besluit neem, moet die Raad persone wat geraak word voldoende geleentheid gun om hulle oor hul tersaaklike belange in te lig, en hulle mag enige ander staatsorgaan raadpleeg.
- (3) Sou ’n persoon versuim om te voldoen aan, of ontoereikend voldoen aan ’n voorskrif ingevolge subartikel (2), mag die Raad redelike maatreëls tref om die situasie te remedieer.

- (4) Met dien verstande dat indien so 'n persoon versuim om die maatreëls te tref wat van hom of haar vereis word ingevolge subartikel (1), die Raad alle redelike koste wat aangegaan is as gevolg van sy optrede ingevolge subartikel (3) van enige of al die volgende persone mag verhaal—
- (a) enige persoon wat verantwoordelik is of was, of wat regstreeks of onregstreeks bygedra het tot die lugbesoedeling of die moontlike lugbesoedeling;
 - (b) die eienaar van die grond op die tydstip toe die lugbesoedeling of die moontlike lugbesoedeling plaasgevind het, of daardie eienaar se regsopvolger;
 - (c) die persoon in beheer van die grond of enige persoon wat 'n reg het of gehad het om die grond te gebruik op die tydstip toe—
 - (i) die aktiwiteit of die proses ter sprake uitgevoer of onderneem word of is;
 - of
 - (ii) die situasie tot stand gekom het; of
 - (d) enige persoon wat nalatig versuim het om te voorkom—
 - (i) dat die aktiwiteit of die proses uitgevoer of onderneem word; of
 - (ii) dat die situasie tot stand gekom het.
- (5) As meer as een persoon aanspreeklik is ingevolge subartikel (4), mag die aanspreeklikheid toegedeel word onder die betrokke persone volgens die mate waartoe elkeen verantwoordelik was vir die skade aan die omgewing voortspruitend uit hul onderskeie versuim om die maatreëls ingevolge subartikels (1) en (2) te tref.

DEEL III LUGBESOEDELINGSBEHEERSONE

Verklaring van lugbesoedelingsbeheersone

4. (1) Die hele gebied binne die jurisdiksie van die Raad word hiermee 'n lugbesoedelingsbeheersone verklaar.
- (2) Binne 'n lugbesoedelingsbeheersone mag die Raad van tyd tot tyd deur kennisgewing in die Provinsiale Koerant:
- (a) die uitlaat van een of meer van die lugbesoedelende stowwe van alle persele of sekere persele verbied of beperk;
 - (b) die verbranding van sekere soorte brandstof verbied of beperk;
 - (c) rookvrye sones verklaar waarin rook met 'n verduistering van meer as 10% nie uitgelaat mag word nie;
 - (d) verskillende vereistes vir 'n lugbesoedelingsbeheersone voorskryf betreffende gehalte lug ten opsigte van:
 - (i) verskillende geografiese gebiede;
 - (ii) gespesifiseerde persele;
 - (iii) klasse persele; of
 - (iv) persele gebruik vir gespesifiseerde doeleindes.
- (3) Die Raad mag beleid en riglyne, insluitende tegniese riglyne, betreffende die regulering van aktiwiteite wat regstreeks en onregstreeks lugbesoedeling in 'n lugbesoedelingsbeheersone veroorsaak, ontwikkel en publiseer.
- (4) Behoudens artikel 26 mag die Raad sekere persele, klasse persele of persele gebruik vir spesifieke doeleindes skriftelik vrystel van die handeling of maatreëls deur die Raad aanvaar is ingevolge hierdie artikel.

DEEL IV ROOKUITLATING VAN PERSELE BUITEN WONINGS

Toepassing

5. Vir die doeleindes van hierdie Deel sluit "persele" nie wonings in nie.

Verbod

6. (1) Behoudens subartikel (2) moet donker rook nie van enige persele uitgelaat word vir 'n totale tydperk wat drie minute oorskry gedurende enige aaneenlopende tydperk van dertig minute nie.
- (2) Hierdie artikel is nie van toepassing op donker rook wat uit brandstofverbrandingstoerusting uitgelaat word as die toerusting aangeskakel word of terwyl die toerusting nagesien of herstel word nie, of wag om nagesien of herstel te word nie, tensy sodanige uitlating voorkom kon word deur die gebruik van die beste uitvoerbare middele beskikbaar.
- (3) As donker rook strydig met subartikel (1) uitgelaat word, is die eienaar, operateur en/of bewoner van die perseel skuldig aan 'n oortreding.

Installering van brandstofverbrandingstoerusting

7. (1) Geen persoon sal op enige perseel enige brandstofverbrandingstoerusting installeer, verstel, uitbrei of vervang sonder vooraf skriftelike magtiging van die Raad, wat slegs gegee mag word na oorweging van die tersaaklike planne en spesifikasies.
- (2) Enige brandstofverbrandingstoerusting wat op enige perseel geïnstalleer, verstel, uitgebrei of vervang word in ooreenstemming met planne en spesifikasies voorgelê aan en goedgekeur, vir die doeleindes van hierdie artikel, deur die Raad word vermoed, word totdat die teenoorgestelde bewys word, te voldoen aan die bepalings van subartikel (1).
- (3) Waar brandstofverbrandingstoerusting op 'n perseel geïnstalleer, verstel, uitgebrei of vervang is strydig met subartikel (1):
- is die eienaar of bewoner van die perseel en die installeerder van die brandstofverbrandingstoerusting skuldig aan 'n oortreding;
 - die Raad mag, by skriftelike kennisgewing aan die eienaar en bewoner van die perseel, opdrag gee dat die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel verwyder word op die eienaar en operateur se koste en binne die tydperk soos bepaal in die kennisgewing.

Operasie van brandstofverbrandingstoerusting

8. (1) Geen persoon sal enige brandstofverbrandingstoerusting op enige perseel gebruik of opereer strydig met die magtiging verwys na in artikel 7 nie.
- (2) Waar brandstofverbrandingstoerusting op die perseel strydig met subartikel (1) gebruik of geopereer is:
- sal die eienaar en die bewoner van die perseel en die operateur van die brandstofverbrandingstoerusting elk skuldig wees aan 'n oortreding;
 - Die Raad mag by skriftelike kennisgewing aan die eienaar en bewoner van die perseel:
 - hul magtiging ingevolge artikel 7 herroep; en
 - beveel dat die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel op die eienaar en operateur se koste en binne die tydperk soos aangegee in die kennisgewing verwyder word.

Vermoede

9. In enige vervolging vir 'n oortreding ingevolge artikel 6 sal daar vermoed word dat donker rook van die perseel uitgelaat is as dit bewys kan word dat enige brandstof of materiaal op die perseel verbrand is en die omstandighede sodanig was dat die verbranding na redelike waarskynlikheid aanleiding gegee het tot die uitlating van donker rook, tensy die eienaar, bewoner of operateur, wat ook al die geval mag wees, toon dat geen donker rook uitgelaat is nie.

Installering en operasie van verduisteringsmeettoerusting

10. (1) Enige gemagtigde persoon mag kennis gee aan enige operateur van brandstofverbrandingstoerusting of enige eienaar of bewoner van 'n perseel waarop brandstofverbrandingstoerusting gebruik of geopereer word, of beoog word om gebruik of geopereer te word, om op sy of haar eie koste verduisteringsmeettoerusting te installeer, in stand te hou en te opereer, indien:
- ongemagtigde en onwettige uitlating van donker rook van die tersaaklike perseel konsekwent en gereeld oor 'n tydperk van ten minste twee dae plaasgevind het;
 - ongemagtigde en onwettige uitlating van donker rook van die tersaaklike perseel met tussenposes oor 'n tydperk van ten minste veertien dae plaasgevind het;
 - brandstofverbrandingstoerusting geïnstalleer is of beoog word om geïnstalleer te word op die tersaaklike perseel wat na redelike waarskynlikheid volgens 'n gemagtigde persoon donker rook sal uitlaat;
 - die persoon aan wie die kennisgewing beteken word meer as een keer skuldig bevind is ingevolge hierdie Deel IV en nie voldoende maatreëls getref het om verdere oortreding van die bepalings van hierdie Deel te voorkom nie; of
 - die gemagtigde persoon die aard van die lugbesoedelende stowwe wat van die tersaaklike perseel uitgelaat word, beskou as redelik waarskynlik om 'n gevaar vir mense se gesondheid en die omgewing in te hou.
- (2) 'n Kennisgewing verwys na in subartikel (1) moet die persoon aan wie dit gerig is, inlig oor:
- daardie persoon se reg om skriftelike voorleggings te maak en om persoonlik te verskyn om inligting en betoë betreffende die kennisgewing voor te lê en te betwis, en moet 'n redelike tydperk stipuleer waarbinne dit gedoen moet word;
 - daardie persoon se reg tot appèl ingevolge artikel 22;
 - daardie persoon se reg om skriftelike redes te versoek waarom die kennisgewing uitgereik is; en
 - die maatreëls wat getref moet word en die moontlike gevolge as daar nie aan die kennisgewing voldoen word nie.

Monitering en toetsing

11. (1) 'n Bewoner of eienaar van die perseel, en die operateur van enige brandstofverbrandingstoerusting van wie verwag word om verduisteringsmeettoerusting ingevolge artikel 10(1) te installeer, moet:
- alle monitering- en toetsingresultate aanteken en 'n afskrif van hierdie rekord in stand hou vir ten minste vier jaar nadat die resultate verkry is;

- (b) indien deur 'n gemagtigde persoon versoek word om dit te doen, die rekord van die monitering- en toetsingresultate vir inspeksie toon; en
- (c) indien deur 'n gemagtigde persoon versoek word om dit te doen, 'n skriftelike verslag (in 'n formaat en teen 'n datum gespesifiseer deur die gemagtigde persoon) van 'n deel of van al die inligting in die rekord van die monitering- en toetsingresultate, verskaf.

Vrystelling

12. (1) Behoudens artikel 26 en by skriftelike aansoek deur die eenaar of bewoner van die perseel of die operateur van die brandstofverbrandingstoerusting, mag die Raad 'n tydelike skriftelike vrystelling van een of al die bepalings van hierdie Deel gee.
- (2) Enige vrystelling ingevolge subartikel (1) verleen, moet ten minste die volgende meld:
- (a) 'n beskrywing van die brandstofverbrandingstoerusting en die perseel waarop dit gebruik of geopereer word;
 - (b) die redes vir die verlening van die vrystelling;
 - (c) die voorwaardes verbonde aan die vrystelling, indien enige;
 - (d) die tydperk waarvoor die vrystelling verleen word; en
 - (e) enige ander tersaaklike inligting.

DEEL V ROOKUITLATING VAN WONINGS

13. (1) Behoudens artikel 4(2) sal geen persoon donker rook van enige woning uitlaat of die uitlating daarvan toelaat vir 'n totale tydperk wat drie minute oorskry gedurende enige onafgebroke tydperk van dertig minute nie.
- (2) Enige persoon wat donker rook uitlaat of die uitlating strydig met subartikel (1) toelaat, begaan 'n oortreding.
- (3) Behoudens artikel 26 en by skriftelike aansoek deur die eenaar of bewoner van enige woning, mag die Raad 'n tydelike skriftelike vrystelling van een of al die bepalings van hierdie Deel verleen.

DEEL VI UITLATING VEROORSAAK DEUR OOPVERBRANDING

14. (1) Behoudens subartikel (4) is enige persoon wat enige materiaal op enige grond of perseel oop verbrand, skuldig aan 'n oortreding tensy vooraf skriftelike magtiging van die Raad verkry is wat mag insluit die oplegging van verdere voorwaardes waaraan die persoon wat magtiging versoek, moet voldoen.
- (2) Die Raad mag nie enige oopverbranding ingevolge artikel (1) magtig nie tensy dit tevrede is dat die volgende vereistes voldoende aangespreek of nagekom is:
- (a) die materiaal sal oop verbrand word op die grond vanwaar dit afkomstig is;
 - (b) daardie persoon elke redelike alternatief vir die vermindering, hergebruik en herbenutting van die materiaal ondersoek en assesseeer ten einde die hoeveelheid materiaal wat oop verbrand word tot die Raad se bevrediging te verminder;
 - (c) daardie persoon elke redelike alternatief vir die verwydering van die materiaal van die grond of perseel tot die Raad se bevrediging ondersoek en assesseeer het;
 - (d) daardie persoon die uitwerking wat die oopverbranding op die omgewing sal hê, tot die Raad se bevrediging ondersoek en assesseeer het;
 - (e) 'n waarskuwing ingevolge artikel 10(1) van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998) nie vir die streek gepubliseer is nie;
 - (f) die grond waarop daardie persoon beoog om die materiaal te verbrand staatsgrond, 'n plaas of kleinhoewe, of grond in 'n geproklameerde township wat nie vir woondoeleindes gebruik word nie, is;
 - (g) die oopverbranding ten minste 100 meters van enige geboue of strukture plaasvind;
 - (h) die oopverbranding nie 'n moontlike gevaar vir mense se gesondheid of veiligheid, privaat eiendom of die omgewing inhou nie;
 - (i) daardie persoon die eienaars en bewoners van al die aangrensende eiendomme skriftelik in kennis gestel van:
 - (i) alle bekende besonderhede van die voorgename oopverbranding; en
 - (ii) die reg van eienaars en bewoners van aangrensende eiendomme om skriftelike besware teen die voorgename oopverbranding by die Raad in te dien binne 7 dae nadat hulle in kennis gestel is; en
 - (j) die voorgeskrewe fooi aan die Raad betaal is.
- (3) Enige persoon wat oopverbranding onderneem of toelaat dat oopverbranding strydig met subartikel (1) onderneem word, begaan 'n oortreding.
- (4) Die bepalings van hierdie artikel geld nie vir:

- (a) buitemuurse vleisbraai of braai-aktiwiteit vir ontspanningsdoeleindes op privaat persele nie;
- (b) klein beheerde vure in informele nedersettings vir die doeleindes van kook, waterverhitting en ander huishoudelike doeleindes nie; of
- (c) enige ander afgebakende gebied of bepaalde aktiwiteit waarop die Raad verklaar het dat hierdie artikel nie geld nie.

DEEL VII
UITLATING VAN KOMPRESSIEONTSTEKING-AANGEDREWE VOERTUIE

Verbod

15. (1) Geen persoon mag op 'n openbare pad 'n kompressieontsteking-aangedrewe voertuig wat donker rook uitlaat, bestuur of gebruik, of aanleiding gee tot die bestuur of gebruik daarvan nie.
- (2) As donker rook uitgelaat word strydig met subartikel (1) sal die eienaar en die bestuurder van die voertuig elk skuldig wees aan 'n oortreding.
- (3) Vir die doeleindes van hierdie artikel sal die geregistreerde eienaar van die voertuig vermoed die bestuurder te wees tensy die teendeel bewys word.

Stop voertuie vir inspeksie en toetsing

16. (1) Ten einde 'n gemagtigde persoon in staat te stel om die bepalings van hierdie Deel af te dwing moet die bestuurder van die voertuig voldoen aan enige redelike opdrag wat deur 'n gemagtigde persoon gegee word:
- (a) om die voertuig te stop; en
 - (b) die inspeksie of toets van die voertuig te vergemaklik.
- (2) Versuim om te voldoen aan die opdrag gegee ingevolge subartikel (1) is 'n oortreding.
- (3) As 'n voertuig gestop het ooreenkomstig 'n opdrag gegee ingevolge subartikel (1) mag die gemagtigde persoon:
- (a) die voertuig langs die pad inspekteer en toets in welke geval inspeksie en toetsing uitgevoer moet word:
 - (i) op of so na as doenlik aan die plek waar die opdrag gegee is om die voertuig te stop; en
 - (ii) so gou as doenlik, en in elk geval binne 'n uur, nadat die voertuig gestop is ooreenkomstig die opdrag; of
 - (b) 'n visuele inspeksie van die voertuig uitvoer en, indien die gemagtigde persoon redelikerwys glo dat 'n oortreding begaan is ingevolge artikel 15(2), die bestuurder van die voertuig wat vermoed word die eienaar van die voertuig te wees tensy hy of sy strydige bewyse kan lewer, skriftelik opdrag gee om die voertuig na 'n toetsstasie te neem, binne 'n gespesifiseerde tydperk, vir inspeksie en toetsing ooreenkomstig artikel 17.

Toetsprosedure

17. (1) 'n Gemagtigde persoon moet die gratis versnellingstoetsmetode gebruik om vas te stel of 'n kompressieontsteking-aangedrewe voertuig strydig met artikel 15(1) bestuur of gebruik word.
- (2) Die volgende prosedure moet gevolg word ten einde 'n gratis versnellingstoets te doen:
- (a) as die gemagtigde persoon opdrag gee, moet die bestuurder die voertuig aanskakel, die rathefboom na neutraal skuif en die koppelaar trap;
 - (b) terwyl die voertuig luier, moet die gemagtigde persoon 'n visuele inspeksie van die voertuig se uitlaatstelsel uitvoer;
 - (c) as die gemagtigde persoon opdrag gee, moet die bestuurder van die voertuig in minder as een sekonde die voertuig se versnellerpedaal gelydelik heeltemal intrap; met dien verstande dat die gemagtigde persoon dit self mag doen as die bestuurder versuim of weier om te voldoen aan die gemagtigde persoon se redelike instruksies;
 - (d) terwyl die versnellerpedaal ingetrap word, moet die gemagtigde persoon die rook wat uit die voertuig se uitlaatstelsel uitgelaat word, meet ten einde te bepaal of dit donker rook is of nie;
 - (e) die bestuurder van die voertuig mag net die voertuig se versnellerpedaal stadig laat terugkom as die enjin afsnyspoed bereik het, of as die gemagtigde persoon opdrag gee om dit te doen.
- (3) Indien, nadat die gratis versnellingstoets uitgevoer is, die gemagtigde persoon tevrede is dat die voertuig:
- (a) nie donker rook uitlaat nie, dan moet die gemagtigde persoon 'n sertifikaat aan die voertuig se bestuurder verskaf met 'n aanduiding dat die voertuig nie strydig met artikel 15(1) bestuur of gebruik word nie; of
 - (b) donker rook uitlaat, moet die gemagtigde persoon ooreenkomstig artikel 18 'n herstelkennisgewing aan die voertuig se bestuurder uitreik.

Herstelkennisgewing

18. (1) 'n Herstelkennisgewing bepaal dat die eienaar van die voertuig die voertuig binne 'n spesifieke tydperk moet herstel, en dat die voertuig na 'n plek geïdentifiseer in die kennisgewing geneem moet word vir hertoetsing voor die verval van daardie tydperk.
- (2) Die herstelkennisgewing moet onder meer die volgende inligting bevat:

- (a) die fabrikaat, model en registrasienommer van die voertuig;
 - (b) die naam, adres en identiteitsnommer van die bestuurder van die voertuig; en
 - (c) as die bestuurder nie die eienaar is nie, die naam en adres van die voertuig se eienaar.
- (3) 'n Persoon begaan 'n oortreding ingevolge hierdie artikel as daardie persoon misluk:
- (a) om te voldoen aan die kennisgewing verwys na in subartikel (1);
 - (b) in die hertoets verwys na in subartikel (1).
- (4) Dit is nie 'n verweer in verrigtinge ingevolge subartikel (3) om te beweer dat die bestuurder van die voertuig versuim het om die herstellkennisgewing onder die eienaar van daardie voertuig se aandag te bring nie.

DEEL VIII UITLATING WAT 'N ERGERNIS VEROORSAAK

Verbod

19. Enige bewoner of eienaar van 'n perseel vanwaar 'n ergernis afkomstig is, of waar 'n ergernis bestaan, is skuldig aan 'n oortreding.

Verwyderingskennisgewing

20. (1) 'n Gemagtigde persoon mag 'n verwyderingskennisgewing aan enige persoon beteken wat die gemagtigde persoon redelikerwys glo waarskynlik 'n oortreding ingevolge artikel 19 sal begaan of begaan het, wat daardie persoon oproep:
- (a) om die ergernis binne 'n tydperk gespesifiseer in die kennisgewing te verwyder;
 - (b) om al die nodige stappe te doen om 'n herhaling van die ergernis te voorkom; en
 - (c) om te voldoen aan enige ander voorwaardes soos vervat in die kennisgewing.
- (2) Vir die doeleindes van subartikel (1) mag die gemagtigde persoon 'n redelike oortuiging vorm gebaseer op sy of haar eie ervaring dat 'n lugbesoedelende stof uitgelaat is van 'n perseel wat bewoon of besit is deur die persoon aan wie die verwyderingskennisgewing beteken gaan word.
- (3) 'n Verwyderingskennisgewing ingevolge subartikel (1) mag beteken word:
- (a) aan die eienaar van enige perseel, deur:
 - (i) dit aan die eienaar af te lewer, of as die eienaar nie opgespoor kan word nie of oorsee woon, daardie persoon se agent;
 - (ii) dit per aangetekende pos te stuur aan die eienaar se laaste bekende adres, of aan die agent se laaste bekende adres; of
 - (iii) dit af te lewer by die adres waar die perseel geleë is indien die eienaar se adres en die agent se adres onbekend is.
 - (b) aan die bewoner van die perseel, deur:
 - (i) dit aan die bewoner af te lewer;
 - (ii) dit per aangetekende pos te stuur aan die bewoner by die adres waar die perseel geleë is.
- (4) Enige persoon wat versuim om te voldoen aan die verwyderingskennisgewing beteken aan daardie persoon ingevolge subartikel (1) is skuldig aan 'n oortreding.
- (5) Bykomend tot enige ander straf wat opgelê mag word, mag 'n hof 'n persoon wat skuldig bevind word aan 'n oortreding ingevolge subartikel (4) beveel om stappe te doen wat volgens die hof noodsaaklik is binne 'n tydperk deur die hof bepaal ten einde 'n herhaling van die ergernis te voorkom.

Stappe om die ergernis te verwyder

21. Die Raad mag egter op sy eie koste sodanige stappe neem as wat dit nodig ag om die skade wat deur die ergernis veroorsaak is, te remedieer en 'n herhaling daarvan te voorkom, en mag die redelike koste wat so aangegaan is, verhaal van die persoon wat vir die ergernis verantwoordelik is.

DEEL IX APPËLLE

22. (1) Enige persoon mag appelleer teen 'n besluit geneem deur 'n gemagtigde persoon ingevolge hierdie verordening deur skriftelik kennis van die appèl, waarin die rede vir die appèl gestel word, aan die munisipale bestuurder te gee binne 30 dae vanaf die datum waarop daardie persoon van die besluit in kennis gestel is.
- (2) Hangende bevestiging, wysiging of herroeping van die besluit ooreenkomstig subartikel (4), enige persoon wat teen 'n besluit appelleer ooreenkomstig subartikel (1), tensy die Raad anders bepaal:
- (a) moet nietemin substantief voldoen aan enige verpligtinge wat opgelê mag gewees het as gevolg van die besluit wat onder appèl is; en
 - (b) mag nie enige regte uitoefen wat mag ontstaan het as gevolg van die besluit wat onderhewig is aan die appèlaansoek, met dien verstande dat geen ander persoon enige reg mag uitoefen wat beide mag toeval nie.

- (3) Binne 14 dae nadat die kennisgewing van appèl ontvang is, moet die munisipale bestuurder:
- (a) die appèl aan die geskikte appèlgesag genoem in subartikel (5) voorlê;
 - (b) alle nodige maatreëls tref om te verseker dat alle persone wie se regte beduidend nadelig beïnvloed mag word deur die vergunning van die appèlaansoek, insluitende enige persone geregistreer as geaffekteerde belanghebbendes, skriftelik in kennis gestel word van die appèlaansoek en geadviseer word oor hul reg om:
 - (i) 'n afskrif van die appèlaansoek te verkry;
 - (ii) skriftelike besware teen die aansoek aan die munisipale bestuurder binne 30 dae na die datum van kennisgewing voor te lê.
- (4) Na die verstryking van die 30 dae tydperk verwys na in subartikel (3)(b)(ii), moet die appèlgesag die appèl en enige besware wat daarteen ingebring is, oorweeg en die besluit bevestig, wysig of herroep.
- (5) As die appèl is teen 'n besluit geneem deur—
- (a) 'n gemagtigde persoon buiten die munisipale bestuurder, dan is die munisipale bestuurder die appèlgesag; of
 - (b) die munisipale bestuurder, dan is die Raad of sodanige komitee as wat dit mag delegeer, die appèlgesag.
- (6) 'n Appèlgesag moet die appèl aan die gang sit binne 60 dae nadat kennisgewing ontvang is en die appèl moet binne 'n redelike tydperk beslis word.

DEEL X ALGEMENE BEPALINGS

Raad en Staat is gebonde

23. Die Staat en die Raad is aan die verordening gebonde.

Strydigheid

24. (1) In geval van strydigheid met enige ander verordening wat lugbesoedeling regstreeks of onregstreeks reguleer, is hierdie verordening van krag.
- (2) In geval van strydigheid met die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965) is die bepalings van daardie Wet van krag binne die gebied van die Raad se jurisdiksie.
- (3) In geval van strydigheid tussen die Engelse, Xhosa of Afrikaanse weergawes van hierdie verordening, is die Engelse weergawe beslissend.

Oortredings en strawwe

25. (1) Enige persoon wat artikel 13(2), 15(2) of 19 van hierdie verordening oortree, is by skuldigbevinding aan gevangenisstraf van nie langer as 30 dae of 'n boete of beide 'n boete en gevangenisstraf onderhewig.
- (2) Enige persoon wat artikels 7(3), 8(2), 18(3)(a) 18(3)(b) of 20(4) van hierdie verordening oortree, is by skuldigbevinding aan gevangenisstraf van nie langer as twee (2) jaar of 'n boete of beide 'n boete en gevangenisstraf onderhewig.
- (3) Enige persoon wat artikel 14 van hierdie verordening oortree, is by skuldigbevinding aan gevangenisstraf van nie langer as een (1) jaar of 'n boete of beide 'n boete en gevangenisstraf onderhewig.
- (4) Dit is 'n oortreding om:
- (a) vals inligting met betrekking tot enige geskilpunt ten opsigte van hierdie verordening te verskaf, of;
 - (b) te weier om met 'n gemagtigde persoon se versoek wat ingevolge hierdie verordening gemaak is, saam te werk en enige persoon wat skuldig bevind is aan so 'n oortreding is onderhewig aan gevangenisstraf van nie langer as 30 dae of 'n boete of beide 'n boete en gevangenisstraf.
- (5) Waar geen spesifieke straf bepaal is nie, is enige persoon wat 'n oortreding ingevolge hierdie verordening begaan by skuldigbevinding aan gevangenisstraf van 'n tydperk van nie langer as een (1) jaar of 'n boete of beide 'n boete en gevangenisstraf onderhewig.
- (6) Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing, opdrag of instruksie met betrekking tot hierdie verordening behels 'n voortgesette oortreding.
- (7) Enige persoon wat 'n voortgesette oortreding begaan, is skuldig aan 'n afsonderlike oortreding vir elke dag waartydens daardie persoon versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing, opdrag of instruksie met betrekking tot hierdie verordening.
- (8) Benewens die oplegging van 'n boete en/of gevangenisstraf mag 'n hof enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n oortreding ingevolge hierdie verordening beveel:
- (a) om die skade wat berokken is, te remedieer;
 - (b) om skadevergoeding te betaal vir skade berokken aan 'n ander persoon of eiendom, welke bevel die krag en uitwerking van 'n privaatregtelike uitspraak het; en
 - (c) om op die persoon se eie koste verduisteringsmeettoerusting ooreenkomstig die bepalings van artikel 11 te installeer en te opereer.

Vrystellings

26. (1) Die Raad mag skriftelik 'n tydelike vrystelling van een of al die bepalings van Dele III, IV en V verleen mits die Raad:
- (a) tevrede is dat die verlening van vrystelling nie die doel soos beoog in artikel 2(1) beduidend benadeel nie; en
 - (b) enige vrystelling verleen behoudens voorwaardes wat die bereiking van die doel verwys na in artikel 2(1) bevorder.
- (2) Die Raad mag nie 'n vrystelling verleen ingevolge subartikel (1) totdat die Raad:
- (a) redelike maatreëls getref het om te verseker dat al die persone wie se regte beduidend nadelig beïnvloed mag word deur die verlening van die vrystelling, insluitend maar nie beperk tot aangrensende grondeienaars of bewoners nie, bewus is van die aansoek om vrystelling en hoe om 'n afskrif daarvan in die hande te kry;
 - (b) 'n redelike geleentheid aan sodanige persoon gebied het om teen die aansoek beswaar aan te teken; en
 - (c) enige besware wat geopper is na behore oorweeg en in aanmerking neem.

Voorbehoudsbepaling

27. Enigiets wat gedoen is of geag gedoen te gewees het ingevolge enige ander wet bly geldig in soverre dit konsekwent is met hierdie verordening; of totdat enigiets wat ingevolge hierdie verordening gedoen word, dit neutraliseer.

Inwerkingtreding

28. Hierdie verordening tree in werking op 'n datum of datums wat deur die Raad deur publikasie in die Provinsiale Koerant vasgestel word.
-

ISIXEKO SASEKAPA:

UMTHETHO KAMASIPALA WOLAWULO LONGCOLISEKO LOMOYA

Phantsi kwamagunya anikezwe licandelo 156(2) loMthetho woMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, 1996 (uMthetho 108 ka-1996), iSixeko saseKapa samkele lo mthetho kamasipala ulandelayo—

ISIAHLULO I
UKUCHAZWA KUNYE NEMITHETHO-SISEKO YOKUQALA

Inkcazelo

1. (1) Kulo mthetho kamasipala, ngaphandle kokuba umxholo uchaza ngenye indlela—

“isiphumo esingalunganga” sithetha nayiphina impembelelo ekhoyo okanye enokuthi ibekhona kwindalo esingqongileyo nethi yonakalise okanye enokuthi yonakalise indalo esingqongileyo okanye nayiphina imbonakalo yayo kangangokuba ide yenzeke imihla ngemihla okanye ngokungenamsebenzi;

“isingcolisi somoya” sithetha nayiphina into (ukuquka kodwa singanyinanga uthuli, umsi, ukuvutha komlilo okuqhumayo kunye nerhasi) okwenza okanye okunokuthi kubangele ungcoliseko lomoya;

“ungcoliseko lomoya” luthetha nakuphina ukutshintsha okwenzeka kwindalo esingqongileyo okubangelwa yiyo nantonina ekhutshelwa emoyeni ojikeleza umhlaba isuka kuwo nawuphina umsebenzi, nalapho oku kutshintsha kunesiphumo esingalunganga kwimpilo yoluntu okanye kwimpilo jikelele okanye kulwakhiwo, ukomelela kwakhona ngokukhawuleza kunye nemveliso yendalo okanye ulawulo lwezinto eziphilayo, okanye kwizinto eziluncedo eluntwini, okanye eziyakuthi zibe noncedo olunjalo kwixesha elizayo;

“umda wolawulo longcoliseko lomoya” uthetha ummandla othile emhlabeni nalapho iSahlulo III salo mthetho kamasipala simiselwe ukuba sisebenze khona;

“umoya ojikeleza umhlaba” uthetha umoya ongavalelwanga sisakhiwo, umatshini, itshimini okanye ezinye ezinto ezinjalo;

“igosa eligunyazisiweyo” lithetha nawuphina umntu ogunyaziswe liBhunga ukuba azalisekise nawaphina amalungiselelo alo mthetho kamasipala;

“iindlela zokusebenza ezifanelekileyo” zithetha imigangatho esebenza kakhulu enokuthi ithatyathwe ekukhuseleni, ekunciphiseni okanye ekuphunguleni ungcoliseko lomoya, ngokuqaphela zonke ezinye izinto ezinxulumene noku, phakathi kwezinye izinto, iimeko zengingqi kunye nemiba ethile, iziphumo ezingalunganga ezinokuthi zibekhona, ulwazi lwangoku olukhoyo ngobuchwepheshe kunye nempembelelo yemali ngokunxulumene neqondo lokhuselo lwendalo esingqongileyo ekulindeleke ukuba lifezekiswe ngokusebenzisa okanye ngokwamkela le migangatho;

“itshimini” ithetha nayiphina into eyakhiweyo okanye evulekileyo elulo naluphina uhlobo nalapho izinto ezingcolisa umoya zinokuthi ziphume khona;

“inqwelo-mafutha esebenzisa ucinezelo lwenjini” ithetha inqwelo-mafutha esebenzisa ukutshiswa kwangaphakathi, ucinezelo lwenjini, idizile okanye amafutha enjini anjalo;

“iBhunga” lithetha iSixeko saseKapa;

“umsi omnyama” uthetha:

(a) ngokunxulumene neSahlulo IV neSahlulo V salo mthetho kamasipala, umsi othi xa kusetyenziswa umlinganiselo wawo kusetyenziswe imitha elula yokufunxa okanye isixhobo esenza umlinganiselo wobumnyama nesinobumnyama obungamashumi amabini ekhulwini (20%) okanye ngaphezulu;

(b) ngokunxulumene neSahlulo VII salo mthetho kamasipala:

(i) umsi onokuxinana okungamashumi amathandathu (60) eeyunithi zomsi okanye ngaphezulu, ngaphandle kokuba ngokunxulumene nokuphuma komsi osuka kwiinqwelo-mafutha ezisebenzisa injini yomsinga werhasi, kuthetha ukuba ukuxinana kweeyunithi zomsi okungamashumi amathandathu anesithandathu (66) okanye ngaphezulu; okanye

(ii) umsi onokufunxa okulula onenani elandisayo elingaphezulu kwe- 2.125 m^{-1} ngaphandle kokuba ngokunxulumene nokuphuma komsi osuka kwiinqwelo-mafutha ezisebenzisa injini yomsinga werhasi, kuthetha ukufunxa okulula okunenani elandisayo elingaphezulu kwe- 2.51 m^{-1} ;

“uthuli” luthetha nayiphina into engengomanzi neluhlobo olucolekileyo okanye ukudilika okukwaziyo ukusasazeka kumoya ojikeleza umhlaba;

“indawo yokuhlala” ithetha nasiphina isakhiwo okanye into eyakhiweyo okanye inxenywe yesakhiwo esetyenziswa njengendawo yokuhlala, kwakunye naziphina ezinye izakhiwo ezingaphandle ezisecaleni kwayo, kodwa akuquki amatyotyombe kunye nezinye iindawo zokuhlala ezingekho sikweni;

“indalo esingqongileyo” ithetha konke okusingqongileyo nalapho kukho khona abantu, ize yenziwe koku kulandelayo—

(a) umhlaba, amanzi kunye nomoya ojikeleza umhlaba;

(b) izinto eziphilayo, ubomi bezityalo nezilwanyana;

(c) nayiphina inxenywe okanye kokubini okuchazwe ku-(a) no-(b) kwakunye nolwalamano lwangaphakathi kubo naphakathi kwabo; kwakunye

(d) izinto zasemzimbeni, amachiza, ubuhle kunye nenkcubeko kwakunye neemeko eziqhubekayo ezithi zibe nempembelelo kwimpilo yoluntu nempilo jikelele;

